

18 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25  
Fokusgedeelte: DL, 5:1

**Reeds verlos, maar nog nie volkome heilig nie!**

Paulus kla oor 'n teenstrydigheid wat hy by homself raaksien. Hy sê (vers 15): "Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek." Hy gaan voort (vers 18-19): "Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek."

Hoe moet ons dit verklaar dat ons baie keer weet wat die regte ding is om te doen, maar ons doen dit nie? Hoe moet ons dit verklaar dat ons baie keer weet dat iets verkeerd is en dan doen ons dit nogtans? Ons belydenis verklaar dit so: "Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en die slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie."

Daarom sê Paulus (vers 21): "So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen is die slegte." Hy kom tot die slotsom (vers 24-25): "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus, ons Here."

Ons hoef dus nie moedeloos te word oor die feit dat ons reeds verlos is, maar nog nie volkome heilig gemaak is nie. Dit moet ons dring om aan ons Verlosser vas te gryp en om uit te sien na die dag wanneer Hy weer kom om alles, ook vir ons, volkome nuut te maak! Eers dan sal ek ook volkome verlos word van hierdie teenstrydigheid in my. Daarom moet ek bid: Kom, Here Jesus, kom gou!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~